# DIE DOOP VAN GELOWIGES

**(deur volle onderdompeling)**

## 1. INLEIDING

Christene (gelowiges in Jesus Christus) moet vir hulleself vra wat God se waarheid omtrent die doop is. Vir té lank het Christene net blindelings aanvaar wat vir hulle van kansels af gepreek en voorgeskryf is. Daar is bv. vir jare hier by ons in Suid-Afrika van die kansels af gepreek dat "apartheid" reg is en, meer nog, Bybelgefundeerd is. Omdat Christene dit nooit bevraagteken het nie en nie vir hulleself wou uitvind wat die Heilige Waarheid vanuit God se Woord is nie, is dit nooit bevraagteken nie en is 'n uiters groot onreg aan verskeie bevolkingsgroepe van ons land, Suid-Afrika, gedoen. Die nageslagte van hierdie Christen Afrikaners betaal vandag nog die prys van hierdie "Geestelike nalatenskap van die Afrikaner"[1].

Ons is reeds midde van die eindtyd en dus moet gelowiges in Jesus Christus vir hulleself beginuitmaak of dit wat deur geslagte oorgelewer en geleer is omtrent die doop in ons kerke, werklik die wil van God is en of dit nie net bloot oorgelewerde gebruike en leerstellinge van mense is wat sodoende deel van kerklike dogma en tradisie geword het nie.

Ons Skeppergod, Jesus Christus eis volle gehoorsaamheid aan Hom en verwag dat ons nie Sy geskrewe Woord sal aanpas en verdraai om in te pas by wat mense wil hê nie. Dit gaan oor Sy wil en Hy seën volle gehoorsaamheid aan Hom.

Ons Here Jesus Christus gaan nie eendag van jou verantwoording vra oor jou gehoorsaamheid aan 'n betrokke kerk of leraar (of eggenoot of pa of ma) nie, maar wel oor jou gehoorsaamheid aan Hom en Sy geskrewe Woord. Vir die Kind van God is daar nog baie meer rykdomme weggelê in Sy Woord (naas bekering en wedergeboorte). Dit is maar net die begin van ons pad saam met Jesus Christus en die Doop van Gelowiges asook die Doping met die Heilige Gees is verdere vlakke van glorie wat Jesus vir Sy dissipels bestem het[2].

[1] Kyk gerus na ons video op YouTube met die titel "G*eestelike erfenis van die Afrikaner*"
[2] 2 Kor. 3:18


Geen kopiereg voorbehou

Voordat ons egter kan begin praat oor die doop, is dit belangrik om eers sekere geestelike konsepte en beginsels uit te klaar. Een daarvan is die drie-ledige aard van die mens naamlik dat die mens uit gees, siel en liggaam bestaan en ‘n ander konsep waaroor gesels moet word is “wedergeboorte”.

## 1.1 Drie-eenheid van die mens: Gees, Siel en Liggaam

Die mens is na God se Beeld geskape[3] en is, as sulks, ook ‘n drie-eenheid (net soos God 3 in 1 is naamlik die Vader, die Seun en die Heilige Gees) wat bestaan uit gees, siel en liggaam. Hoor wat sê Paulus in 1 Tes. 5:23: *“Mag God, wat vrede gee, julle volkome aan Hom toegewyd maak en julle geheel en al, na gees, siel en liggaam, so bewaar dat julle onberispelik sal wees wanneer ons Here Jesus Christus weer kom.”*. (Lees ook Heb. 4:12 waarin dit duidelik is dat gees en siel nie dieselfde ding is nie.)

By konsepsie in die baarmoeder word die siel en die liggaam van die mens geskep [4] maar die gees van die mens kom van God af en word deur God in jou liggaam geplaas by konsepsie[5]. Dus, by konsepsie in die baarmoeder (die punt van die mens se skepping), is al drie hierdie dimensies van menswees reeds teenwoordig.

Die gees van die mens is onsterflik en so ook die siel. Slegs die liggaam word uit stof gevorm en sal tot stof terugkeer[6].

### 1.1.1 Gees (die mens se gees)

Die menslike gees is onsterflik en het ook alreeds geleef voordat jy hier op aarde geskep is. Hoor wat sê God vir Jeremia in Jer. 1:5: “*Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou* (jou gees) *geken..”*. Die mens se onsterflike gees kom van God af (Gen. 2: 7: *“… en (*God het) *lewensasem in sy* (die mens) *se neus geblaas, sodat die mens ‘n lewende wese geword het.”*).

As gevolg van die sondeval is ‘n mens se gees (voor wedergeboorte) nog “dood” vir God. Dit beteken jou gees kan nie met God se Gees kommunikeer en resoneer nie. Jou gees word egter “lewend” vir God by wedergeboorte (wanneer jy Jesus Christus as jou persoonlike Verlosser en Saligmaker aanvaar) en wanneer die verhouding tussen God en mens (wat as gevolg van die sondeval van God verwyderd geraak het) op so ‘n wyse herstel word[7].

[3] Gen. 1:26
[4] Gen. 2:7
[5] Gen. 2:7
[6] Gen. 3:19
[7] Joh. 3:3


Geen kopiereg voorbehou

Hierdie wedergeboorte vind dus plaas in die menslike gees deurdat die onverganklike geestelike saad van God in die mens se gees begin ontkiem, wortelskiet en groei. Dit stel die mens se gees in staat om met God se Gees te kommunikeer. By wedergeboorte trek die Heilige Gees in by jou mensgees en jou dormante gees word dan "aktief" vir God[8].

1.1.2 Siel

'n Mens se sielsdimensie kan ook beskryf word as sy of haar "persoonlikheid" en dit bestaan uit die wil, intellek en emosie ("WIE").

Die sielsdimensie kan nie wedergebore word nie (soos wat die gees kan nie) maar die sielsdimensie moet "bekeer" nadat wedergeboorte in die gees plaasgevind het[9]. Die bekering van 'n mens in die sielsdimensie is 'n proses wat nooit ophou nie. Bekering is, met ander woorde, 'n herhaaldelike wegdraai van sonde en "terugkeer" na Jesus deur 'n proses van sondebelydenis, vergifnis en vryspraak.

Die denke/intellek, wil asook emosies van 'n mens se siel moet ondergeskik gestel word aan die mens se gees want slegs die geesdimensie kan waarlik resoneer en kommunikeer met God se Gees.

Dit is ook dan by die bekering van die sielsdimensie wanneer die vrug van die Heilige Gees[10] al hoe meer behoort te begin wys in die mens se lewe. Die wedergebore mens kry dan al hoe meer die karaktereienskappe van Jesus Christus.

Die gees en siel van 'n mens is onsterflik en leef vir ewig - óf in die hel (vir ewig verlore) óf in die hemel (saam met Jesus)). Elke mens moet dus tydens sy/haar lewe hier op aarde vir of teen Jesus kies en dit bepaal hul ewigheidsbestemming (iemand het dit een keer so uitgedruk naamlik dat elkeen sal moet kies in terme van die ewigheid – wat sal dit wees: "*Smoking"* of "*Non-smoking"* (!).)

1.1.3 Liggaam

Jou liggaam is die tydelike vleesdeel van jou menswees en is verganklik. Die liggaam is egter ook die tempel van God (se Gees) omdat jou gees (waarin God se Gees woon) en jou siel in jou liggaam woon. 'n Mens se 5 sintuie lê gesetel in

[8] 1 Pet. 1:23

[9] 'n "*Metanoya"* moet plaasvind – dit is die Grieks vir "to change your thinking". Rom. 12:2: *"….maar laatGod julle verander deur julle denke te vernuwe.."*. Ook Ef. 4:23.

[10] Gal. 5: 22 tot 26


Geen kopiereg voorbehou

die liggaam en die liggaam huisves die gees en siel.

Al drie hierdie elemente (gees, siel en liggaam) vorm saam "die mens". Opsommend kan gesê word dat die mens primêr gees is, met 'n siel en wat beide "verpak" is in 'n liggaam.

## 1.2 Wedergeboorte

Soos hierbo genoem, vind wedergeboorte plaas wanneer ek (onder begeleiding van die Heilige Gees) vir Jesus Christus as my enigste Saligmaker en Verlosser aanvaar. Hierdie proses vind in my gees plaas en die Heilige Gees kom woon op daardie stadium in my mensgees. My gees word dus geestelik besny deur die Heilige Gees en dit is die besnydenis van die Nuwe Verbond van Jesus Christus en van die Heilige Gees[11].

My "core"[12] mensgees word op hierdie stadium van wedergeboorte onbesmet en sonder sonde aangesien God (deur Sy Gees) net kan woon waar dit heilig is. Die sielsdimensie en liggaam word egter nie onmiddelik by wedergeboorte heilig en sonder sonde nie aangesien die siel en liggaam steeds onderworpe bly aan die sondeval. Dit verklaar hoekom dit so is dat wedergebore Christene steeds sonde doen (in siel en liggaam) en dit soms moeilik vind (vanweë hul volgehoue sonde en gebondenheid) om geestelik staande te bly.

Baie christene wat in blote "godsdiens" is (m.a.w. hulle gaan kerk toe maar het nie 'n intieme persoonlike verhouding met Jesus Christus nie) het slegs 'n intellektuele verstaan van God en het Jesus Christus nog net intellektueel aangeneem en nie in hul gees nie. 'n Blote intellektuele verstaan van God en aanvaarding van Jesus Christus se bestaan, is nie wedergeboorte nie en daardie persoon us dus steeds verlore.

Jesus self het aan Nikodemus gesê in Joh. 3: 3-7: "*Daarop sê Jesus vir hom* (Nikodemus)*: "Dit verseker Ek jou: As iemand nie opnuut gebore word nie* (in die geesmens)*, kan hy die koninkryk van God nie sien nie." Nikodemus vra Hom toe: "Hoe kan 'n mens gebore word as hy al 'n ou man is? Hy kan tog nie 'n tweede keer in sy moeder se skoot kom en gebore word nie?" Jesus het geantwoord: "Dit verseker Ek jou: As iemand nie uit water* (Woord van God) *en Gees gebore word nie, kan Hy nie in die koninkryk van God kom nie. Wat uit die mens gebore is, is*

[11] Kol. 2:11; Rom. 2: 28 & 29

[12] In DID terminologie is die *core* die ID Boek deel van jou geesmens (die ware jy) waarvan dan potensieel DID dele of alters kan afsplit – dit gebeur ook op mensgees vlak.


Geen kopiereg voorbehou

*mens; en wat uit die Gees gebore is, is gees. Moenie verbaas wees dat Ek vir jou gesê het: Julle moet opnuut gebore word nie…"*

Wedergeboorte vind normaalweg slegs een maal plaas (in jou gees) terwyl bekering 'n herhaaldelike proses is wat in die sielsdimensie plaasvind (elke keer wanneer ons doelbewus kies om weg te draai van sonde).

### 1.3 Die doop van babas (d.m.v. besprinkeling)

Die vereiste (soos in sommige kerke aanvaar) dat babas ten doop gebring moet word waardeur hulle met water besprinkel word, is nie Skrifgefundeerd nie maar is 'n heidense instelling.

Die vroeë kerk (van Handelinge in die Bybel) het "bekeerlinge" onmiddelik na hulle bekering (eintlik hul wedergeboorte) gedoop by wyse van onderdompeling[13].

Frank Viola en George Barna sê in hul boek *"Pagan Christianity?" (2008)* op p. 188: *"In the first century, water baptism was the outward confession of a person's faith. But more than that, it was the way someone came to the Lord. For this reason, the confession of baptism is vitally linked to the exercise of saving faith."* Op bladsy 89 word gesê: *"Baptism marked a complete break with the past and a full entrance into Christ and His church. Baptism was simultaneously an act of faith as well as an expression of faith."*

Aan die begin van die 2de eeu na Christus, het sekere invloedryke Christene egter begin verkondig dat die doop voorafgegaan moet word deur 'n tydperk van lering, gebed en vas. Dit het later so erg geword dat nuwe bekeerlinge omtrent 3 jaar moes wag voordat hulle gedoop kon word. Die mense moes eers bewys dat hulle leefwyse waardig genoeg is om gedoop te kan word aangesien die dwaling ingekom het dat die doop die enigste manier is waarop sondes vergewe kan word. (Dus sou enige sondes gepleeg na die doop nie vergewe kon word nie…(!)[14].)

Later (in die 2de helfte van die 2de eeu na Christus) het die Rooms Katolieke Kerk besluit dat dit beter is om sommer reeds babas van gelowige ouers te doop[15] en dit eerder deur besprinkeling. Dit was op grond van die gebruik van die heidene (wat deur Keiser Konstantyn in die Kerk ingenooi is) om hul babatjies aan die songod (Baäl/Molech/Dagon) toe te wy direk na geboorte deur hul te besprinkel met water. Nog later (in die 5de eeu) het die babadoop die volwasse doop of doop van

[13] Hand. 2:37-41:8:12, 27-38; 9:18; 10:44-48; 16:14-15, 31-33; 18:8; 19:1-5; 22:16.

[14] Frank Viola en George Barna *"Pagan Christianity? (Exploring the roots of our church practices)* 2008 p. 190

[15] Hoofsaaklik as gevolg van bygelowigheid. Viola en Barna p. 274


Geen kopiereg voorbehou

gelowiges heeltemal in die Katolieke Kerk vervang[16] en Christene wat wou vashou aan die ware doop van gelowiges (deur onderdompeling)[17] is vervolg deur die Katolieke Kerk en wreed vermoor.

Die babadoop deur besprinkeling het dus in die kerk ingekom vanweë oorgelewerde Roomskatolieke gebruike wat tradisie en dogma geword het sonder dat enigiemand ondersoek het en bevraagteken het of dit nog Skrifgetrou is .

Die feit dat die babadoop (veral deur die meer tradisionele kerke) voorgehou word as die enigste doop wat 'n kind van die Here behoort te ondergaan tydens sy of haar leeftyd, is pertinent strydig met Jesus se opdragte in die Bybel en beroof Christene van 'n groot deel van God se waarheid, geestelike krag en seën.

Enige persoon wat hierdie dokument lees en van mening is dat die babadoop wel deur die Woord van God en dus deur Jesus self ingestel is, word uitgedaag om slegs een teksvers te gaan soek wat dit onomwonde sou bewys – daar is geen.

Verlossing op grond van geloof in Jesus Christus is egter 'n persoonlike ervaring en kinders moet eers oud genoeg word om Jesus Christus se persoonlike verlossing te kan aanvaar voordat hulle gedoop kan word. Die Bybel vereis geloof en belydenis van sonde voordat iemand gedoop kan word.Geen kind kan dit doen voordat hy oud genoeg is om dit te verstaan nie.

Kinders wat nog te jonk is om self vir of teen Jesus Christus te kan kies (selfs indien hul ouers ongelowiges is), sal Hemel toe gaan en is gered indien hul sou sterf voordat hul Jesus kon aanneem[18] op grond van Jesus se genade en regverdigheid.

Dit is en bly egter kosbaar as 2 ouers besluit om hul kind aan Jesus Christus toe te wy. In sommige kerke word dit 'n "inseëning" genoem. Dit is bloot 'n publieke verklaring dat hul hul kind in die weë van die Here wil grootmaak. Die baba Jesus is ook so deur Sy ouers na die tempel geneem om daar geseën te word[19].

NB: Die inseening van babas is egter glad nie 'n opdrag of 'n vereiste volgens God se geskrewe Woord en die Nuwe Verbond nie. Gelowige ouers in Jesus Christus moet ook daarteen waak dat hul nie goedbedoelende hul kinders laat "inseen" in Jesus se Koninkryk in of alternatiewelik in 'n kerk in nie. Die rede is dat die kind

[16] Viola en Barna p. 274

[17] Sg. anabaptiste

[18] [8] Mat 18:1 – 10 en 19:14

[19] Luk. 2: 25- 40


Geen kopiereg voorbehou

reeds in Jesus se Koninkryk ingesluit is en dat die “kerk” as ’n menslike instelling ook nie Bybelsgefundeerd is nie. Ons behoort nie lidmate van ’n kerk te wees nie maar bloot dissipels in Jesus Christus se (geestelike) Koninkryk.

## 2. WAT MAAK DIT SAAK INDIEN MENSE AS BABAS GEDOOP WORD - HUL KAN MOS ALTYD WEER LATER HULLESELF LAAT “GROOT” DOOP? HOEKOM DIE BOHAAI?

Die valse heidense praktyk om babas ten doop te bring (deur middel van besprinkeling) maak dit moeilik vir gelowiges om (later in hul lewens) Jesus se opdrag omtrent die ware bekeringsdoop te gehoorsaam sonder om te moet erken en verklaar dat die babadoop nie die werklike doop van Jesus Christus volgens die Skrif is nie. Die belofte wat sekere Christene dan ook in hul betrokke kerklike denominasies as deel van geloofsbelydenis afgelê het dat “*die leer deur die betrokke kerk verkondig die enigste ware leer is en dat hulle alle ander leringe wat daarmee in stryd is sal verwerp”*, help ook nie juis dat hierdie Christene die waarheid oor die doop van gelowiges kan insien en aanvaar nie. Die babadoop asook die geloofsbelydenis in sommige tradisionele kerke vorm as’t ware ’n demoniese geestelike sluier oor daardie gelowige se geestesoë en – ore sodat daardie gelowige nie die waarheid kan of wil insien nie.

Sekere kerklike dogma staan die bekeringsdoop pertinent teen en verkondig steeds dat die babadoop die enigste ware doop is en dat dit dus “nie nodig” is vir ‘n kind van die Here om hom/haarself weer deur die bekeringsdoop te laat gaan nie. Die demoniese geeste van godsdiens, tradisie en dogma hou baie mense dus gevange en hul voel dat gehoorsaamheid aan die bekeringsdoop hul “verraaiers” van hul betrokke kerk, leraar of selfs ouers gaan maak. Weereens moet die gelowige hom/haarself afvra: *“Verwag Jesus Christus gehoorsaamheid aan ‘n kerk, dominee of ouer (wanneer dit gaan oor dinge van Sy Koninkryk) of aan Hom en Sy opdragte, soos uiteengesit in Sy geskrewe Woord?”*

Dit gaan telkens by die babadoop (veral vir die ouers) meer oor die tradisie om in ouma of oupa se dooprokkie gedoop te word en die familiebyeenkoms daarna as wat dit werklik gaan oor wat Jesus van ons verwag en ‘n erns met en gehoorsaamheid aan Sy geskrewe Woord. Die omvang van die misleiding en versluiering in sekere kerklike denominasies is werklik tragies…

Die vraag wat Christene hulself behoort af te vra is: *“Wil ek Jesus Christus gehoorsaam en Sy opdragte (soos in die Woord) uitvoer of wil ek eerder aan menslike leringe en dogma gehoorsaam wees?”* Dit is onnodig om te sê dat enigiets wat deur mense bokant God gestel word (bv. in dié geval ’n betrokke


Geen kopiereg voorbehou

kerklike denominasie, predikante, ouers ens.) ‘n afgod is en opsigself ‘n gruwel is in die oë van God.

In Efesiërs 4 vers 5 sê Paulus: *“Daar is net één Here, één geloof, één doop, één God en Vader van almal…”* Dit is dus duidelilk vanuit die Woord dat daar net een doop is wat van God die Vader af kom en enige lering wat dus propageer dat meer as een tipe doop aanvaarbaar vir God is, is dwaalleer.

## 3. WIE MOET HOM/HAAR LAAT DOOP?

Elke mens wat glo dat Jesus Christus vir hul sondes aan die kruis gesterf het en uit die dood uit opgestaan het en daarmee die sonde en dood (vir almal wat in Hom glo) oorwin het, moet gedoop te word[20]. Dit sluit met ander woorde in enige kinders van God (of anders gestel “gelowiges” of “bekeerlinge”).

Dit is dus nie net ‘n godsdienstige aktiwiteit nie maar vind plaas wanneer jy ontdek wat God se wil is vir jou lewe en wanneer jy Jesus Christus in jou gees, siel en liggaam as jou persoonlike Verlosser en Saligmaker aanvaar. Verskeie teksverse kan in hierdie verband bestudeer word[21].

## 4. HOEKOM IS DIT NODIG OM GEDOOP TE WORD?

Ons moet die voorbeeld van Jesus en Sy dissipels soos aan ons gegee in Sy geskrewe Woord (die Bybel) volg. Jesus het aan Sy dissipels die opdrag gegee om heen te gaan en om dissipels (van Hom) te maak, om die mense alles te leer wat Hy hulle geleer het en om dit alles in Sy naam te doen[22].

Die doop van gelowiges is dus nie, soos wat sommige mense dink, opsioneel of net vir die wat wil nie. Almal wat in Jesus Christus glo moet gedoop word anders is hul nie gehoorsaam aan hul Saligmaker en Verlosser, Jesus Christus, se opdragte nie.

## 5. IS DIE DOOP DIE TEKEN OF SEEL VAN DIE NUWE VERBOND?

’n Mens kan inderdaad sê dat die doop van gelowiges die uiterlike teken oftewel seël van die Nuwe Verbond vir gelowiges in Jesus Christus is. Dit is so aangesien

---

[20] Mar. 16:16

[21] Mat. 28:19; Mar.16:16; Hand 2: 38; Hand 8: 12-16, 36-38; Hand 9:18; Hand 10: 48; Hand 16: 33; Hand 18: 8; Hand 22:16; 1 Pet. 3:21

[22] Mat. 28: 18 – 20; Mar. 16: 15-16


Geen kopiereg voorbehou

by die doop van gelowiges, dit wat reeds in die gelowige se geesmens gebeur het by wedergeboorte (naamlik dat sy/haar geesmens deur die Heilige Gees besny is) nou in siel en liggaam voltooi word deur die werking van die Heilige Gees[23].

## 6. HOE MOET GEDOOP WORD?

Deur volle onderdompeling in water. Die Griekse woord wat gebruik word in die Nuwe Testament elke keer wanneer daar van die doop gepraat word is "*baptidzu"* (vanaf *baptu*). Die griekse woord "*baptidzu"* beteken*:* "*to bury, to immerse and to submerge*". Die Griekse woord "*baptidzu"* het nog nooit beteken om te besprinkel of te giet nie.

Voorbeelde in die Bybel:

- Doop deur Johannes die Doper – Mat. 3:11, Luk. 3, Hand 1:5, Joh. 1:31 tot 34 – DIT IS EGTER DIE SG. MIKVAH OF BEKERINGSDOOP VAN JOHANNES EN AS SULKS BEHOORT DIT NOG TOT DIE OU VERBOND.[24]
- Jesus se eie doop deur Johannes die Doper (Mat. 3: 13-17; Mar. 1: 9-11; Luk.3: 21-22) – MIKVAH (OU BEKERINGSDOOP);
- Doop van die eerste bekeerlinge deur Jesus se dissipels (Hand. 2:37-41:8:12, 27-38; 9:18; 10:44-48; 16:14-15, 31-33; 18:8; 19:1-5; 22:16);
- Fillipus doop die Ethiopier (Hand. 8: 38-39) ens.

## 7. IN WIE SE NAAM MOET GEDOOP WORD?

Ons moet gedoop word in die naam van Jesus Christus aangesien ons onsself met Sy kruisdood en opstanding vereenselwig[25]. Dit is wat die doop beteken. Ons verbind ons aan Jesus Christus in Sy kruisdood en opstanding.

Matteus 28:19 sê wel dat gelowiges gedoop moet word in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees maar daar is genoeg getuienis en bewyse dat die oorspronklike boek van Matteus hier deur die invloed van die Rooms Katolieke Kerk gewysig is en dat dit oorspronklik slegs gelees het en *"doen alles in My* (Jesus se) *naam"*.

Hierdie opsetlike misleiding en dwaling omtrent die doop van gelowiges en spesifiek in wie se naam gedoop moet word is ook gebaseer op die dogma van die vals drie-

[23] Kol. 2:11
[24] Sien ons Mikvah verloeningsgebed.
[25] Rom 6:3-8; Kol. 2:12


Geen kopiereg voorbehou

eenheid wat deur oorlewering en menslike heidense leerstellinge in die kerklike leringe, tradisies en dogma ingekom het. Ons God is drie-enig naamik Vader, Seun en Heilige Gees maar hierdie drie-eenheid moet reg verstaan word.

Indien jy dus gedoop is ooreenkomstig Mat. 28:19 in die naam van God die Vader en die Seun en die Heilige Gees is daar ’n ernstige oop deur in jou geestelike wandel met Jesus Christus waardeur die vyand verseker die reg verkry het om jou aan te val.

Ons vertel en verduidelik meer hieroor en oor die vals drie-eenheid in ons lering op YouTube genaamd *“Baptism of believers: Deception and persecution”.* Daar is ook ’n verloëningsgebed op ons webblad wat gebid kan word indien gelowiges in Jesus Christus reeds gedoop is deur volle onderdomperling ooreenkomstig Mat. 28:19 en begerig is om weer gedoop te word in die naam van Jesus Christus alleen.

Hierdie afdeling oor in wie se naam gedoop moet word is nie bloot ’n tegniese dispuut in die Ligaam van Christus wat nie belangrik is nie. Dit is inderwaarheid ’n lewensbelangrike aspek van die Doop van Gelowiges wat Jesus deur Sy Gees vir ons by Ignited in Christ behoorlik oopgebreek het en waarvan ons deur persoonlike ervaring kan getuig.

## 8. DIE BETEKENIS VAN DIE DOOP VAN GELOWIGES

### 8.1 Eenwording met Jesus (in Sy kruisdood en opstanding)

Tydens die doop word ons een met Jesus in Sy kruisdood en opstanding. Kolossense 2:12: *“Dit het by die doop gebeur deurdat julle toe saam met Hom begrawe is. Deur julle verbondenheid met Hom is julle ook saam met Hom opgewek, omdat julle geglo het in die krag van God wat Hom uit die dood opgewek het.”*

Paulus sê ook in Romeine 6:3: *“Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie?”*

Dit beteken dat daar dus openlik verklaar word dat alles wat Jesus vir ons verwerf het met sy dood en opstanding, nou aan ons behoort aangesien ons dan saam met Hom gesterf en opgestaan het.

Jesus het, na Sy afsterwe aan die kruis, ter helle neergedaal en die sleutels van die doderyk weggeneem van Satan (Openbaring 1:18). Met Sy opstanding het Hy die dood finaal oorwin asook die mag van die sonde om ons te veroordeel en Satan se reg om ons, as gevolg daarvan, in die hel te werp.


Geen kopiereg voorbehou

Jesus het met Sy kruisdood en opstanding die dood en dus alle bose magte finaal oorwin en hulle in Sy triomftog meegevoer. Kol. 2:15: *“Hy het die bose magte ontwapen en hulle in die openbaar vertoon deur hulle as gevangenes in die triomftog van Christus mee te voer.”*.

Indien ons dan saam met Jesus al hierdie dinge deurmaak in die doop, dan beteken dit die volgende vir ons:

- Indien Jesus in Sy dood en opstanding vir Satan en al sy bose magte oorwin het, dan is dieselfde oorwinning ook vir ons waar;
- Indien Jesus, op grond van Sy gehoorsaamheid aan die Vader tot in Sy dood, dan verhef is deur die Vader om gesag te hê oor al die bose magte, dan geld dieselfde ook vir ons;
- Indien Jesus deur Sy dood en opstanding die dood oorwin het en vir ewig lewe, dan geld dit ook vir ons en sal ons ook so die ewige lewe beërwe; en
- Indien Jesus ter helle neergedaal het en die sleutels van die Koninkryk teruggevat het vanaf Satan dan beteken dit dat daardie sleutels van die Koninkryk ook nou aan ons behoort aangesien ons een geword het met Jesus in Sy kruisdood en opstanding.

## 8.2 Word beklee met Jesus Christus

Deur jou doop verklaar jy openlik dat jy (jou ou sondige self) saam met Jesus Christus gesterf het en begrawe is en dat jy sodoende jou ou, sondige en minderwaardige lewe afgelê het. Jy verklaar ook dat jy saam met Jesus Christus opgestaan het in ‘n nuwe lewe en dat jy jou so met Jesus Christus beklee.

Galasiers 3:27: *“… want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus beklee.”*

## 8.3 Besnydenis van die siel en liggaam

Wanneer ons ons harte vir Jesus Christus gee, dan word ons geesmens wedergebore en vind daar ’n geestelike besnydenis van ons geesmens plaas. Ons geesmens (die “core” daarvan) kom uitsluitlik onder Jesus Christus se gesag en outoriteit en die Heilige Gees kom woon in ons geesmens (die “core”).

By die doop van gelowiges word hierdie geestelike besnydenis (gedoen deur die Heilige Gees) van ons geesmens (by wedergeboorte) voltooi in siel en liggaam. Paulus sê weereens in Kolossense 2:11: *“Deur julle verbondenheid met Hom is*


Geen kopiereg voorbehou

*julle ook besny, nie met die besnydenis wat deur mense verrig word nie, maar met die besnydenis deur Christus, en dit bestaan in die wegneem van die sondige natuur van die mens. Dit* (hierdie geestelike besnydenis) *het by die doop gebeur …"*

## 8.4 Die krag van die Wet en sonde oor jou lewe is gebreek

Wanneer jy gered word op grond van jou geloof in Jesus (by jou geestelike wedergeboorte), word al jou sondes in jou geesmens weggewas. Jou sondes word in werklikheid weggewas deur die bloed van Jesus en jy word geregverdigd gemaak voor God.

Wanneer jy onder die water gedompel word by die doop, word jou vleesmens (siel en liggaam) nou saam met Jesus gekruisig en deurdat jy ook saam met Jesus opstaan tot 'n nuwe lewe in Hom, het die sonde en die dood dus ook nie meer 'n houvas oor jou nie.

Kol. 2:13 - 15: *"Julle was dood deurdat julle gesondig het en deurdat julle sondige natuur nog nie weggeneem was nie. God het julle egter saam met Christus lewend gemaak deurdat Hy ons al ons sondes vergewe het. Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis vas te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem. Hy het die bose magte ontwapen en hulle in die openbaar vertoon deur hulle as gevangenes in die triomftog van Christus mee te voer."*

## 8.5 Simbool van die afsterwe van die ou mens (self) en die opstanding in 'n nuwe lewe met Jesus

Jy los dus by die doop die ou vleesmens agter. Dit is dus nou na die doop nie meer jy wat lewe nie maar Christus wat in jou lewe. Galasiërs 2: 20: *"Ek is met Christus gekruisig, en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my…"*

## 8.6 NB: Die doop red nie

Dit is baie belangrik om te onthou dat die doop opsigself jou nie red nie – net deur jou geloof in Jesus Christus en die gepaardgaande wedergeboorte in jou gees word jy gered. Daar is verskeie tekste in die Woord wat dit bevestig[26].

Die doop van gelowiges het wel 'n reddende effek (in die gees) vir jou siel en liggaam aangesien die mag van die sonde en die dood vir siel en liggaam gebreek

[26] Rom 3:24-25; Rom. 10:9; Ef.2:8-9; Hand 15:8-9; Joh. 3:3,5; 1 Pet 1:23 en nog baie meer.


Geen kopiereg voorbehou

word.[27]

## 9. DIE GEESTELIKE EFFEK VAN DIE DOOP

### 9.1 Ons ontvang dieselfde geestelike identiteit en outoriteit (gesag) oor die Bose as wat Jesus van God die Vader ontvang het

Dit is dus duidelik uit Paulus se verduideliking in Kolossense 2 dat ons uit die doopwater uit opkom met dieselfde identiteit en gesag as Jesus Christus Homself teenoor alle bose magte (insluitend Satan homself)!

Dieselfde oorwinning wat Jesus oor Satan en al sy mag behaal het toe Hy opgestaan het uit die dood, word waar vir elke gelowige tydens die Doop van Gelowiges. Die mag van sonde en die dood (al Satan se krag) in jou lewe word gebreek.

Die gelowige wat gedoop is deur volle onderdompeling in Jesus Christus se kruisdood en opstanding heers dus nou ook (in Jesus se krag) oor Satan en sy hele demoniese ryk en het die gesag van Jesus Christus self in hom/haar om hulle te bestraf, te bind en uit te dryf!

### 9.2 Krag vir dissipelskap

Die doop is dus nie net bloot ‘n godsdienstige handeling nie. Ingesluit in die handeling van die doop is krag wat jou hele lewe herdefinieer en tranformeer.

Gelowiges in Jesus Christus word dus deur die doop geherposisioneer vir geestelike gesag ten einde hul dissipelskap in Jesus Christus op te kan neem en Sy groot opdrag (van dissipelskap en om alles te doen wat Jesus gedoen het) te kan uitvoer.

Omdat jy gehoorsaam is aan God se opdrag in die doop, stel dit geestelike krag vry: “*The point of obedience is the point of power.*” Jy kan dit nie verdien nie – dis net genade.

In Jesus se geval het die Heilige Gees soos ‘n duif op Hom neergedaal net na Jesus in die Jordaan gedoop is en die Vader het gesê: *“Dit is My geliefde Seun. Oor Hom verheug Ek my.”*[19] Dit is eers van toe af dat Jesus se bediening van kragtige wonderwerke op aarde begin het wat vir ons wys dat daar ‘n sekere gesagsverlening plaasvind by die doop.

[27] Kol. 2:13 & 14


Geen kopiereg voorbehou

### 9.3 Onbeperkte geestelike groei

Die doop word die “launching pad” vir jou gees om verder te groei. Jy wil dit nie mis nie….! Die Heilige Gees neem jou as gevolg van jou gehoorsaamheid aan Jesus Christus na nuwe vlakke van geestelike groei. Iets baie misterieus en kragtigs gebeur in die gees by die doop wat eintlik nie met woorde na regte beskryf kan word nie.

### 9.4 Redding vir jou sielsmens

Petrus verduidelik ook aan ons in 1 Petrus 3:21 dat Noag se ark vir ons ‘n Ou Testamentiese heenwysing is na die doop van gelowiges en dat hoewel die doop jou nie red nie (maar slegs geloof in Jesus Christus as jou Verlosser) het die doop ook ‘n “reddende effek” vir die siel van ‘n mens deurdat die mag van Satan oor die sielsdimensie van die mens (en juis om dit gebonde te hou deur sondeskuld) vernietig word.

Nog ‘n Ou Testamentiese heenwysing na die doop van die nuwe verbond is waar Paulus in 1 Korintiërs 10 vers 2 sê dat die Israeliete almal in die wolk en in die see gedoop is. Die uittog van die Israeliete uit Egipte dui dus geestelik op ons vrymaking in Jesus Christus wat begin by wedergeboorte en die trek van die Israeliete deur die Skelfsee (of Rietsee) dui op die doop wat hulle finaal geskei het van die slawerny wat hul in Egipte onder hul vyande ervaar het (m.a.w. die mag van die sonde).

## 10. MISVERSTANDE OOR DIE DOOP

### 10.1 Maak die doop my ‘n kind van God?

Nee. Slegs geloof in Jesus Christus (en die gepaardgaande wedergeboorte in jou geesmens) maak jou ‘n kind van God. Die man wat langs Jesus gekruisig is het gesê dat hy glo dat Jesus die Seun van God is en toe sê Jesus vir hom dat hy vandag saam met Jesus in die paradys (hemel) sal wees.

By die doop bevestig jy egter dat jy reeds ‘n kind van God is en bevestig jy dan verder dat jy graag in gees, siel en liggaam aan Jesus Christus verbind wil word in Sy kruisdood en opstanding.


Geen kopiereg voorbehou

**10.2 As ek gedoop word as gelowige, beteken dit dat ek nie meer sal sondig nie?**

Nee. By wedergeboorte word jou geesmens onbesmet en heilig en dit is daar (in die *core* geesmens) waar die gelowige nie meer kan sondig nie. In die sielsdimensie en liggaam moet die gelowige egter steeds daagliks hom- of haarself bekeer deur weg te draai van die sonde, skuldbelydenis te doen en vergifnis van Jesus te ontvang.

Die mag van Satan om (as gevolg van ons sonde) ons siel in die hel te kan werp, word egter gebreek en uitgekanselleer by die doopbad aangesien die gelowige (in die geesdimensie) geregverdig word ook in siel en liggaam deurdat hy/sy hul verbondenheid aan Jesus op hierdie manier ook vleeslik verklaar het.

Dus, in kort, al sondig jy steeds, jou gees en siel gaan hemel toe en is gered mits jy nie jou geloof in Jesus prysgee nie en ook nie jou doop as gelowige verloën nie.

'n Wedergebore, Geesvervulde en gedoopte gelowige wil egter nie meer sondig nie en sal outomaties groot berou hê indien hy/sy weer sondig. Deur daagliks net vir Jesus om vergifnis vir ons doelbewuste sonde te vra, bewaar ons ons goeie gewete voor die Here en so ook ons heilige intimiteit met Hom.

**10.3 Ek was as baba gedoop, is dit nodig dat ek weer gedoop word?**

Ja, beslis. Die babadoop is nie die ware doop van die Nuwe Verbond soos deur Jesus aan Sy dissipels voorgeskryf nie en kan dus nie dieselfde betekenis in die gees hê nie. Die ware doop van gelowiges is iets wat volg op "geloof in Jesus Christus" en kan dus eers plaasvind wanneer jy doelbewus vir Hom kies.

Indien ons in Jesus Christus se voetspore wil volg sal ons aan Sy opdragte aan Sy dissipels gehoorsaam wil wees en dit is Sy wil dat ons gedoop moet word. Weereens, volgens Efesiërs 4:5 is daar net één ware doop.

Kerke wat vir gelowiges se dat hulle maar kan doop as babas en as gelowiges en dat beide "reg" is, mislei die kudde van Jesus en volg 'n sogenaamde New Age teologie van "alles is reg" en "doen maar wat vir jou werk" en niemand mag die ander veroordeel nie.

Ons veroordeel nie gelowiges wat glo dat die babadoop die ware doop is nie maar ons veroordeel wel die babadoop as 'n leuen en 'n dwaling wat baie mooi gelowiges vir hul hele lewe gebind hou.


Geen kopiereg voorbehou

### 10.4 Ek is nie ‘n lid van ‘n spesifieke kerklike denominasie nie – moet ek nog steeds gedoop word?

Die doop van gelowiges het niks met enige spesifieke kerkverband te doen nie. Die doop van gelowiges is vir alle gelowiges in Jesus Christus (wat op grond daarvan deel van Sy Bruid is). Lidmaatskap van enige kerklike denominasie is dus geensins ‘n voorvereiste en/of enigsins relevant tot die vraag of ek my moet laat doop nie.

### 10.5 Wat indien my kerk (dominee/pastoor) daarteen gekant is dat ek gedoop word as gelowige?

Jy gaan slegs aan Jesus Christus self eendag moet verantwoording doen en ons moet aan Hom bo alles gehoorsaam wees. Ons moet nie die oorgelewerde leerstellings van mense (kerke) volg nie, indien dit nie Bybels gefundeerd is nie.

Paulus sê in Kolossense 2:8: *“Pas op dat niemand julle van Hom af wegvoer deur teorieë en argumente wat misleidend is nie. Dit is dinge wat berus op die oorlewering van mense, op wettiese godsdienstige reëls en nie op Christus nie.”*

## 11. SLOTOPMERKINGS OOR DIE DOOP

‘n Mens kan dus sê dat vir ‘n gelowige om gedoop te word is om die verbond wat reeds met Jesus gesluit is deur die gelowige se wedergeboorte in sy/haar gees ook uiterlik te demonstreer en daarmee die verbondsluiting te voltooi (ook in siel en liggaam). Die Heilige Gees kom beseël dus bloot jou reeds bestaande verbintenis en verbond met Jesus Christus.

Alhoewel die doop jou nie opsigself red nie (net geloof in Jesus Christus red), bly dit ‘n feit volgens die Woord dat dit Jesus se opdrag aan Sy dissipels was dat hulle alles moet doen wat Hy hulle geleer het en dat dit <u>in Sy naam</u> moet gebeur. Slegs op hierdie wyse word dissipels vir Jesus gemaak en voer ons Sy groot opdrag aan ons (Sy *Great Commission*) uit.

Elke wedergebore Christen behoort dus gehoorsaam te wees aan hierdie opdrag en hom/haarself te laat doop as gelowige. Dit is nooit te laat om jouself te laat doop nie.

Die doop is beide ongelooflik mooi en <u>geestelik kragtig</u>. Daarmee maak jy ‘n verklaring aan die Here, jouself en die res van die wêreld (asook die geestesrealm) dat jy vir ewig verbind is aan Jesus Christus.


Geen kopiereg voorbehou

Dit is onbeskryflik geloofversterkend en in tye van aanvalle deur die vyand (Satan) waarin jy miskien kan begin twyfel of jy gered is, dan staan die doop soos ‘n “paal bo water” en kan jy daaraan vashou “dat jy gedoop is” en dat Jesus Christus dus daarmee in ‘n ewige verbond met jou getree het en dat dit nie weer ongedaan gemaak kan word nie. Die doop is dus my konkrete verwysing dat ek met Jesus Christus verenig is.

1 Joh. 5: 7-8: *“En daar is drie wat getuig op die aarde: die Gees en die water en die bloed, en dié drie is eenstemmig.”* 1 Joh. 5: 11-12: *“En die getuienis behels dit: God het ons die ewige lewe gegee, en dié lewe is deur Sy Seun. Wie die Seun het, het die lewe: wie nie die Seun van God het nie, het ook nie die lewe nie.”* Al ooit gewonder wat presies 1 Joh. 5: 7-8 beteken? Die verwysing na die bloed is na ons geloof in Jesus Christus wat aan die kruis gesterf het en met Sy bloed ons vrygekoop het uit die mag van sonde en die dood. Die verwysing na die Gees is na ons wedergeboorte wanneer ons geesmens onbesmet geword het deurdat die Heilige Gees in ons geesmens kom woon. Die verwysing na die water is na die doop van gelowiges waar ons saam met Jesus sterf en saam met hom opstaan en dus sodoende die oorwinning oor sonde en dood (oo in siel en liggaam) saam met Hom behaal het. Kinders van God het dus drie “getuies” wat vir hulle getuig van hulle redding ten einde geloofsekerheid en krag in hul werk as dissipels vir Jesus Christus te bring naamlik hul geoof in Jesus se kruisdood en opstanding, hul geestelike wedergeboorte en hul doop as gelowige in Jesus se dood en opstanding. Dit gee geweldige geloofsekerheid!!

Dit is egter belangrik om in gedagte te hou dat ons al gesien het hoe mense wat deur die doop van gelowiges gegaan het vir ‘n wyle opgewonde is maar dan weer na hul ou lewe terugval. Dit bly dus ‘n keuse of ‘n mens God deur Sy Gees met die doop van gelowiges gaan toelaat om voortdurend in jou gees en siel nuwe dimensies van geestelike groei en outoriteit in Christus te bring en of mens die deur na nuwe geestelike groei saam met die Heilige Gees gaan toeklap.

Ons sien byvoorbeeld ook dat onbelyde sonde asook onverwerkte pyn en trauma uit ‘n persoon se verlede (om maar drie voorbeelde te noem) daardie persoon se geestelike groei, selfs ná die doop, kan verhinder. God dwing Homself op niemand af nie. Ons moet Hom dus toelaat om ons wil, denke en emosies in lyn met Sy uitsprake en wil te bring[28].

Jesus wil die goeie werk wat Hy in ons begin het verder neem en voltooi tot op die dag van Sy wederkoms[29] en daarom moet elke wedergebore en gedoopte

[28] Op. 3:20
[29] Fil. 1:6


Geen kopiereg voorbehou

gelowige ook soek na meer genesing en vryheid in Jesus Christus deur 'n pad van innerlike genesing en bevryding te stap. Dan word ons *"vessels of honour"* in God se Koninkryk[30].

Laastens, die Skrif is vol voorbeelde van waar seëninge van God volg op gehoorsaamheid. God die Vader sal jou gehoorsaamheid aan Jesus Christus (om jou te laat doop) eer en die seëninge wat Hy vir jou in die gees gereed hou deur Sy Gees vrystel sodat jy met gesag en outoriteit jou plek as Jesus Christus se dissipel kan inneem.

(Saam met die doop deur onderdompeling in water gaan die doping met die Heilige Gees. Vir meer inligting oor die aspek van doping met die Heilige Gees, verwys ook na ons dokument oor "Doping met die Heilige Gees", verkrygbaar op ons webblad www.ignitedinchrist.org)

GENADE, VREDE EN LIEFDE VIR JOU IN ONS HERE JESUS CHRISTUS!

(Indien hierdie dokument jou geseën en geestelik verryk het, oorweeg asseblief biddend om finansieel in ons bediening in te saai – www.ignitedinchrist.org)

[30] 2 Tim 2:21


Geen kopiereg voorbehou